PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 011 849 6817
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

21 Mei 2017

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

OGGENDDIENS 09:00

ds. Louis Buys

Skriflesing: *Fillipense 4:1-9*

Teksvers: *Fillipense 4: 6-9*

Tema: *Bring vrede in Jesus vir ons werklike vrede op aarde?*

AANDDIENS 18:30

Dr. Braam Krüger

Skriflesing*: Matteus 5:10 - 12*
Lukas 11: 24 - 27
Handelinge 9: 1 - 2

Teksvers*: Lukas 11:25*

Tema*: Is jy op die Weg? Sigbaar? Sodat jy vervolging kan verwag?*

ORRELISTE VANDAG

Oggenddiens:	Tarina van der Merwe
Aanddiens:	Cornelia Bakker

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

ONS DOEN VOORBIDDING VIR:

- Tannie Marthie Kruger word gemonitor nadat sy 'n epileptiese aanval beleef het
- Marius Yssel word ook gemonitor nadat hy flou geword het.
- Tannie Rita Kotze het hartversaking, en ons dink aan haar kinders, Juan Kotze en Lourette Barger.
- Tannie Tina Koen ondergaan toetse. Ons dink aan haar. Sy verwerk ook nog die trauma van haar man se dood.
- Hettie Herbst ondergaan DV Dinsdag 23 Mei 'n operasie aan haar hand vir rumatiek. Ons bid alles sal goed afloop!
- Chriska Ebersöhn ondergaan DV Woensdag 24 Mei 'n histerektomie in die Dalview kliniek.
- Stephan Jansen was Vrydag 19 Mei in die Arwyp hospitaal opgeneem met nierinfeksie.

GKSA BEROEPENUUS:

BEROEPE ONTVANG

Proponent EJ Vogt (Ernest) na Vaalwater.

BEROEPE AANVAAR

Dr HM Zwemstra (Heinrich) van Pretoria-Annlin na Walvisbaai.

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE NA DIE EREDIENS IN DIE SAAL.

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG		AKTIWITEIT	KONTAK PERSOON	LOKAAL
So. 21/05	08:00 - 09:00 09:00 11:30	Gebedsuur Peueterklas (2-4jaar) Nagmaalsete	Donsie Krüger Anneke Salomons	Ou Moederskamer Kerkhuis Kerksaal
Ma. 22/05	09:30	Bybelstudie Rynpark 5	Adrie Goede	Rynpark 5
Di 23/05	09:00	Koördineringsvergadering		Konsistorie
Wo. 24/05	10:00 19:00	Nagmaal Rynpark 6 DUST	 Louis Aucamp	Rynpark 6 sitkamer Jeuglokaal
Do. 25/ 05	18:30	Hemelvaartsdiens		Kerkgebou
Vr. 26/05	09:00	Bybelstudie	Braam Krüger	Konsistorie

TEESKINK BEURTE	
Vandag	Wyk E25A olv Johan Pretorius
Volgende week	Wyk Wyk A6 olv Fanie Gouws

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Hennie Coetzer
Volgende week	Johan Pretorius

DATUMS OM TE ONTHOU	
25 Mei	Hemelvaartsdag Erediens 18:30
29 Mei	Kom vra jou vrae 19:00 in die konsistorie
1 Junie	Nuwe lidmaat funksie 18:00 in die konsistorie
10 Junie	Vroueoggend besonderhede sal volg
21 Junie	Palms - senior lidmate byeenkoms 10:00 in die kerksaal

DUST - AFSKOP
WOENSDAG 24 MEI @ 19:00

DUST Bybelstudies skop weer DV Woensdag 24 Mei af, in die splinternuwe jeuglokaal, onder leiding van Louis Aucamp.
ALLE hoërskool kinders word genooi om Louis Aucamp te kom ontmoet.
DUST byeenkomste is waar jy jou christelike identiteit kan kom ondersoek, en vind deur in dieper in die Skrif te delf saam met ander van jou portuurgroep.
Kom leer mekaar beter ken, bou onderlinge verhoudinge , en ontwikkel en groei in die geloof.

Vir meer inligting - Louis Aucamp ☎ 074 150 2022

SUSTERSSAAMTREK 2018.

Gemeente,
Ons wil graag die saamtrek by ons kerk aanbied. Die saal is egter nie groot genoeg om die aantal susters te akkomodeer nie. Ons beplan om n Bedouin tent op te slaan vir die dag. As u so geroepe voel om 'n donasie te gee, spesifiek vir die huur van die tent, plaas asb. 'n koevertjie duidelik gemerk "**saamtrek tent"** in die kollekte sakkie.
Alternatiewelik kan u dit aan Ina v Eeden oorhandig.
Dankie by voorbaat.
vanaf die sustersbestuur.



Het jy behoefte dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

SANGGROEP:

Hiermee weereens 'n ope uitnodiging aan gemeentelede om saam te kom sing tot eer van die Here.
Ons oefen elke Sondag om 17:00 in die saal met die oog op die Paas/Pinkstersangdiens wat op 25 Junie gaan plaasvind. Dit is nog nie te laat nie – kom sing asb. saam.
Kontak Tarina van der Merwe 083 785 5345.

BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 14 Mei 2017 se antwoord.
Efesiërs 6:18
" Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir **al die gelowiges** "
Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur: Una Steyn; Jan Bakkker; Judy Greyling; Jan Lubbe; Chrissie Pretorius

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Die verhaal van Nehemia seun van **???????**. Dit was in die maand Kislef, die twintigste jaar. Ek was in die vestingstad Susan "
Vraag: Wat was die profeet Nehemia se pa se naam?
Lees gerus Nehemia en noem wat die profeet se pa se naam was en noem waar bostaande vers staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

BANKIE-PROJEK

Broers en Susters

Die houtbankies is klaar besig om te degrader, dus wil ons al die houtbankies vervang voordat almal gebreek het. Ons wil weer as die lente kom nog plastiek bankies bou. Ons het reeds 2 plastiek bankies en een kombinasie van plastiek en yster.

Ons benodig fondse om nog plastiekplanke te koop maar ook mense hande om te help om die bankies te bou en die slim mense met gryskoppe om te kom raad gee.

Donasies kan in die kerk se rekening inbetaal word, met verwysing BANKIEPROJEK, of die blou koevertjies in die kerkportale kan vir die doel in die kollektesakkies geplaas word.

Dit is baie lekker as die broers so saamwerk en die susters vir ons n lekker ete voorberei. Ons leer mekaar beter ken. Al kom jul net om gereedskap aan te gee, kom geniet die oggend saam met ons.

Stefan Coetzee ☎ 083 785 2713

VERJAARSDAE
21 - 27 Mei 2017

DAG	NAAM	KONTAK NO.
21/05	Lourens Botha	076 155 1305
22/05	Jaco Smit Ilse du Plessis	076 280 1054 082 772 0691
23/05	Edwin Willemse Roelf Herbst Isabel de Waal	 082 443 9919 082 259 8096
25/05	Tessa Steyn Michiel Eloff ☺	082 828 0479
26/05	Stephen Mclintock ☺ Johan Kamfer Aidin Billing ☺	 083 448 5164
27/05	Anneke Salomons Henriette Botha	084 840 4577 082 594 6157

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

GK- MAGALIESKRUIN
DANKDIENS 40– JARIGE BESTAAN

Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Magalieskruin het DV op Sondag 28 Mei 2017 om 10:00 'n dankdiens vir die 40-jarige bestaan van die gemeente. Ná die erediens is daar geleentheid vir saam-kuier met 'n koppie tee of koffie en verversings.
Alle oud-lidmate en ander belangstellendes is baie welkom om hierdie geleentheid by te woon.
By voorbaat dank.
Met seënwense.
SD (Danie) Snyman
Gereformeerde Kerk Pretoria-Magalieskruin
012 548 6228 / 083 299 8629
dansar@absamail.co.za

GK PRETORIA-NOORD
75ste BESTAANSJAAR FEESNAWEEK

Broeders en susters,
Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Noord vier vanjaar met dankbaarheid sy 75ste bestaansjaar! 'n Feesnaweek word beplan vir die naweek van 25-27 Augustus 2017. Teken solank die datum aan. Alle oud-lidmate en ander belangstellendes word hartlik uitgenooi.
Verdere besonderhede sal later bekendgemaak word.

Groete uit die Noord,
Malan van Rhyn

DEEL 16

CALVYN - STADSVADER VAN GENÈVE

21 Mei 2017 Johan van der Merwe Reformasie 500, teologie

Calvyn en die stad van Genève het byna sinonieme met mekaar geword. Dit is daar waar Calvyn hom besig gehou het met 'n poging om 'n sigbaarder "Stad van God" in Europa te bou. In die proses was dit die plek waar Calvyn van sy belangrikste teologiese bydraes tot die Reformasie gemaak het, maar ook waar hy van sy donkerste oomblikke beleef het.

Nadat Calvyn in 1538 uit Genève moes vlug as gevolg van sy stryd met die Libertyne, het hy in 1540 'n dringende versoek van die stadsvader ontvang om terug te keer. Teen sy eie wil, maar oortuig van die feit dat dit God is wat hom terugroep, het Calvyn op 4 September 1541 in Genève aangekom.

Die eerste saak waaraan Calvyn aandag gegee het, was 'n kerkorde. Die kerkorde wat Calvyn opgestel het, *Ordonnances ecclesiastiques,* is op 20 November 1541 in die gemeente voorgelees en deur die kerkraad, die gemeente en die burgerlike owerheid aanvaar.

Die basiese vertrekpunt van Calvyn se kerkorde was die sowereiniteit van die kerk in geestelike sake.
Calvyn het vier ampte geïdentifiseer: ouderlinge, diakens, predikante en doktore. Elke gemeente moes 'n kerkraad hê wat verantwoordelik was om die gemeente volgens Bybelse riglyne te regeer en tug toe te pas.

Die kerkorde het dit ook duidelik gestel dat die burgerlike owerheid alles in sy vermoë moes doen om die kerk te ondersteun om haar roeping in die wêreld na te kom. In 1542 het die stadsraad van Genève die wette van die stad so verander dat dit in ooreenstemming was met Calvyn se kerkorde.

Alles was egter nie maanskyn en rose nie. Die jare 1543 tot 1553 was 'n tydperk van geweldige stryd in Genève.
Een van die hoofspelers was die Spanjaard Michael Servetus.

Servetus het reeds in 1545 met Calvyn kontak gemaak en het gou bekend geword vir sy kritiek teen Calvyn se teologie. Nadat Calvyn 'n kopie van sy *institusie* aan Servetus gestuur het, het Servetus dit, met kritiek in die kantlyne geskryf, teruggestuur.

Dit het Calvyn woedend aan Farel geskryf dat as Servetus dit ooit sou waag om Genève te besoek, "hy hom nie sou toelaat om lewendig te vertrek nie". Hierdie woorde van Calvyn was nie 'n ydele dreigement nie. Nadat Servetus sy boek *Christianismi restitution - Die herstel van die Christendom* in 1553 gepubliseer het, het hy oppad na Italië in Genève aangedoen. Hy is gearresteer, is as ketter verhoor en het op 27 Oktober 1553 op die brandstapel gesterf.

KOLLEKTES 14 Mei 2017

- Diens van Barmhartigheid : R 6710
- Emeritaatsversorgings Trust: R 1769
- Jeugfonds: : R 177

Vandag: Onder die diens: DVB
By die deure: GKSA Sustentasie
Volgende week: Thuso fonds

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE:

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Of Snapscan:

Diens van Barmhartigheid

GKSA Sustentasie